



PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT

PRIVAATSAK X53
PRINS ALBERT
6930

KENNISGEWING 50/2022

DIREKTORAAT: TEGNIESE DIENSTE

VAKATURE: ALGEMENE WERKER: WATER EN SANITASIE – LEEU GAMKA

AFDELING: WATER EN SANITASIE DIENSTE EKSTERNE KENNISGEWING

Skriftelike aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling as:

ALGEMENE WERKER: WATER EN SANITASIE: LEEU GAMKA

MINIMUM VEREISTES

- Graad 10;
- Verkieslik twee (2) jaar toepaslike ervaring;
- Moet bereid wees om areas te betree soos mangate, rioolpype, rioolaanleg;
- Moet liggaamlik fiks en bekwaam wees;
- Moet bereid wees om oortyd te werk;
- Bereid wees om in enige werksomstandighede te werk;
- Geletterd in ten minste twee (2) van die amptelike tale van die Wes-Kaap;
- Goeie interpersoonlike-, menslike- en kommunikasievaardighede.

AANBEVELING:

- Geldige kode C1 rybewys
- Woonagtig binne die munisipale area

PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

- Verwydering van nagmmers op woon-en ander persele;
- Voorsien persele van skoon emmers;
- Skoonhou van geledige emmers en stortingsterrein;
- Hantering van vaste afval by rioolaanleg;
- Oefen beheer uit oor stortingsterrein en sien toe dat vullis gereeld bedek/verwyder word;
- Toesien na algemene higiëne van woonbuurt;
- Neem van daaglikse vloei-meterlesings by Riolaanleg;
- Instandhouding van Rioolpompstasie
- Uitvoering van ander pligte soos deur die bestuurder / toesighouer gedelegeer mag word.

SALARIS: T3 – R107 372.76 per jaar (R 8 947,73 per maand)

Benewens gemelde salaris, bied die Raad sy permanente werknemers die volgende voordele: Pensioen- en mediesefonds bydraes, behuisingssubsidie, ruim verlof en siekteverlof en 'n dertiende tjeek na 12 maande diens.

DIENSTYDPERK: PERMANENT

SLUITINGSDATUM: VRYDAG 8 APRIL 2022 OM 15:30

Aansoeke moet gerig word op die voorgeskrewe aansoekvorm (verkrygbaar van die munisipale webblad of Menslike Hulpbronnkantore), vergesel van 'n dekbrief, curriculum vitae, oorspronklik, gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies en identiteitsdokument, en moet gerig word aan **Mnr Abridon Sass, MENSLIKE HULPBRONNE AFDELING**, Privaatsak X53, Prince Albert, 6930 voor of op **VRYDAG, 8 APRIL 2022 OM 15:30**.

Navrae kan gerig word aan **Mnr Abridon Sass** by Tel. **023 541 1036** of per e-pos (jobapplications@pamun.gov.za).

Die Munisipaliteit van Prins Albert is 'n gelyke indiensneming-werkgewer en moedig gestremdes, persone uit voorheen benadeelde groepe en veral vroue applikante aan om aansoek te doen. Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie. Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer.

Indien u nie binne 30 dae na die sluitingsdatum van die Munisipaliteit 'n skrywe rakende die aansoek ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

<p>PRINS ALBERT MUNISIPALITEIT Privaatsak X53, PRINS ALBERT 6930 e-pos: jobapplications@pamun.gov.za Tel. (023) 5411320 Faks. (023) 5411321</p>		 ALDRICK HENDRICKS WNDE. MUNISIPALE BESTUURDER 28 MAART 2022
--	--	---